Volgelinge van Jesus
NG Meyerspark

Goeie Nuus

Maandblad van Ned Geref Kerk Meyerspark

Jaargang 17 Nommer 6 Desember 2020

Kersfees vir my…..

Wihan Rossouw

Wat beteken Kersfees? Vir elke mens beteken Kersfees ietsie anders en ek glo dat die betekenis van Kersfess ook deur die jare gevorm word. Party mense dink aan familie, kouevleis en koekies; ander dink aan die see, mossels en vakansie. Party dink aan 'n kerkdiens en ander aan 'n familiediens. Party dink aan Stille Nag en ander aan Joy to the World. Tog is daar iets wat ons verenig in al hierdie ding en dit is die feesviering van Jesus se koms na die aarde toe.

Vandag wil ek julle bietjie meer vertel van wat Jesus se koms vir my beteken. Matteus sê vir ons dat Jesus Immanuel genoem was, dit beteken God met ons. Daarom is Kersfees vir my 'n herinnering daaraan dat ek 'n God dien wat bereid is om tot by my vlak te daal. 'n God wat homself prys gee om ons te kom optel uit die "gutter" waarin my myself so dikwels bevind. En meer as dit, is Hy ook by my terwyl ek die pad stap, Hy dra my, ondersteun my, verlos my en is by my.

Hy is Immanuel.

Matteus 1:20-23

20 Terwyl hy daaroor nagedink het, het daar skielik 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees. 21 Sy sal geboorte gee aan 'n seun en jy moet Hom Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos." 22 Dit het alles gebeur sodat wat die Here deur die profeet gesê het, vervul kon word: 23 "Kyk, die maagd sal swanger word en aan 'n seun geboorte gee en hulle sal Hom Immanuel noem,"wat, as dit vertaal word, beteken: "God is met ons."

KERSSANGDIENS

29 November 2020

Die gemeente en kunstenaars het uitgesien na hierdie geleentheid. Die soliste is Renea van Tonder, Dr Kobus Groenewald, Mike van Schalkwyk, Sunet van den Berg en Wihan Rossouw. Vocalise Fellowship Choir tree onder leiding van Wihan Rossouw op. Die Viool en Tjello Ensemble bestaan uit Elmarie en Riette Thompson en Susan Leeuwner. Ansie Smit doen die bordversorging en die manjifieke blommerangskikking is Margeret Koekemoer se handewerk. Isabel Ballot dra voor. En moet nie van ons eie orrelis Francois van Niekerk wat gekoördineer het, vergeet nie. Dankie, Francois.

Ds Izak Liebenberg lei die erediens. Hy lees 'n gedeelte uit Johannes 1 voor vanuit die 2020 Vertaling. Ds Izak preek oor die genade in die Kersverhaal. God wat mens geword het, ook vir mense wat nie in die samelewing aanvaar word nie. Hierdie is ook 'n baie spesiale Sondag want dit is die amptelike bekendstelling van die 2020 vertaling van die Bybel. Kom ons lees weer die Bybel, vra ds Izak.

Al hierdie fasette: kunstenaars wat tot eer van die Here sing en speel, 'n preek wat die genade van God in Christus uitlig en hierdie geskiedkundige gebeurtenis, maak van hierdie 'n dag om te onthou.

Berig: Isabel Ballot

Vreemde Nagmaal

Na sowat 9 maande het Meyerspark op 8 November weer die Nagmaal gevier. Maar dit was buitengewoon: brood en wyn by die deur gekry; ver uitmekaar moes sit; gemasker, luisterdiens voooraf opgeneem. Nogtans het talle trane in die oë gehad om weer dankbaar die liefde van ons Here te gedenk.

Daarna was daar ‘n kans om ‘n kers aan te steek met ‘n gebed vir vrede in ons harte, land en wêreld.

Hartlik Welkom aan ons nuwe Belydende Lidmate van 2020!!

Mia-Lunè Muller

Mickey van der Westuizen

Odette Singery

Mieke Bonnema

Tjaart van Zyl

Shaun Reed

Laaste Gesinsdiens vir 2020

Op 22 November het die afsluiting van die Gesinsdiens en die Kategese vir die jaar plaasgevind. Dit was ‘n anderste jaar waar alles omvergegooi was tydens die grendeltyd. Ouers het skielik ook kategete geword, danksy Wihan wat getrou die materiaal deurgestuur het, Die “gewone” kategete het ook oor die internet kontak gehou.

Tydens die diens is daar ook van Wihan Rossouw afskeid geneem, met groot dank vir die harde werk wat hy op verskillende vlakke by die Gesinsdiens en die kategese gedoen het. As ’n blyk van dank is ’n muurbehangsel met ’n foto van die Gesinsdiens se mense aan hom oorhandig. Dit het behoorlik trane in sy oë gebring.

Advertensies

Kontak gerus vir Beryl by die Kerkkantoor (012 803 1531) om produkte of dienste in die Goeie Nuus of die Basuin te adverteer. Daar is geringe tarriewe aan verbonde. Dit is ook by die Kerkkantoor beskikbaar.

Seniors sluit af

Hulle het skaars begin vanjaar, toe’s die mikroskopies-klein virus hier om alles vir hulle tot stillstand te bring.

Nou, na agt maande van ingeperktheid, was dit ‘n blye weersiens vir ons Senior Lidmate, al was dit net om afskeid te neem. Ja, die jaar was deurmekaar en programme kon nie deurgevoer word nie, maar die Here bly getrou en Hy gaan saam deur elke swaarkrytyd van die lewe. Hy hou die hoop vir die toekoms in Sy hande.

Met lekkerkry is daar met teelepeltjies gesmul aan heerlike disse, met die hoop dat elke dankbare happie ‘n belofte inhou van ‘n beter jaar uit die hand van ons Here.

Geliefde gemeente van NG Meyerspark. Dit was vir my ‘n ongelooflike voorreg om saam julle ‘n pad te stap en aan die einde van my gemeentejaar wil ek graag vir julle dankie sê en ietsie deel van my tyd hier. As ek almal moet uitsonder wat my ondersteun het, sal ons waarskynlik ‘n spesiale GoeieNuus moet druk om al die name in te pas. Daar is egter twee groepe wat ek moet uitsonder. Eerstens, die Jeug-en Gesinsbediening wat deur dik en dun saam my gestaan het en my ondersteun het – julle almal is wonderlike, fantastiese mense! En tweedens die kerkraad, wat my toegelaat het om foute te maak en te leer. Dit sit nie in die broek van elke kerkraad om ‘n kans te vat met ‘n jong man nie en ek is besonders dankbaar vir die leerruimte wat aan my gegee is.

Dan wil ek ook aan die gemeente die volgende oordra: Julle doen goed en kan trots wees. In ‘n wêreld wat geen tekort het aan uitdagings nie, staan julle sterk in geloof en kan mens sien dat julle ware volgelinge van Jesus is. Ek het baie by julle geleer en gegroei in my geloof. Daarop is daar ook ‘n gees van gemeenskap, wat dikwels kortskiet by ander kerke. Almal wat mens groet is vriendelik en mens kan sien dat julle werklik belangstel as julle vrae vra. Met ‘n baie onsekere toekoms wat vir my wag, weet nie een van ons of ons paaie weer sal kruis nie, maar ek kan wel met sekerheid sê dat dit vir my ‘n vreugde sal wees om eendag weer deel van julle gemeenskap te wees, al is dit eers in die hiernamaals

Wihan

Van ons as Kerkraad en gemeente, baie dankie vir twee jaar se toewyding en diens. Dankie dat jy jou besondere gawes onbaatsugtig met ons gedeel het. Ons bede is dat jy ‘n lang en gelukkige bediening in diens van ons Meester sal beleef.

Kersmark

28 November 2020

Wat ‘n vreugde om weer so informeel as ‘n gemeente bymekaar te kom!

En watter vreugde is Rensche Smit en al haar dames se harde werk: koek, tert . koekies, ingelegde ware, plante, handwerk, boekpakkies, ‘n Wit Olifant, kerrie en rys.

Mense is positief oor die mark. Kovid het niemand ondergekry nie maar die regulasies is stiptelik gevolg. Daar was niemand sonder ‘n masker nie.

Tussen die boeke kry ‘n mens Juweeltjies. William Barclay is daar. Het nog besluit of ek dit gaan koop toe dit onder my neus uitverkoop word! Dan is daar nog twee volumes van Herman Charles Bosman. Ook ‘n paar bykans splinternuwe boeke van Paul Coelho.

Dan is daar nog sulke mooi gekleure kastrolle. ‘n Mens wil sommer die deksel oplig om te kyk wat binnekant is. Op die plakker staan daar dat dit bierbrood is . ‘n Mens bak dit vir sestig minute.

“O waar is die pannekoek,” sug Christa Bonnema. Ons lag saam en besluit dat dit volgende jaar daar gaan wees.

‘n Mens glo dat hierdie Kersmark die voorloper tot nog groter dinge gaan wees. Dalk nog ‘n Lentefees volgende jaar.

Berig: Isabel Ballot Foto’s: Andelle Schenach

Baie dankie aan almal wat betrokke was by die beplanning, organisering; aan almal wat so vrygewig net gegee het; aan almal wat uitstallings kom opstel het; aan almal wat kom koop het; en aan almal wat agter die skerms gewerk het. Julle het almal deel gehad daaraan dat ons byna **R24 000** wins kon toon op die dag!

2020– Die Jaar van die Virus

As ons gaan terugkyk op hierdie jaar, gaan daar sekerlik heel eerste gedink word aan die coronavirus wat alles oorheers het. Hierdie jaar het begin met gerugte daaroor en die jaar se eerste draai was nog skaars gevat, toe stop ‘n virussie ons almal in ons sprore.

Tog staan die jaar ook in die teken van dankbaarheid. Eerstens het ons met dankbaarheid agtergekom dat ons God nie gebind word deur ons onvermoë om bymekaar te kom nie. Nee, op verskillende manière het ons die Here en mekaar kon dien; eredienste is virtueel uitgestuur en bereik meer mense as ‘n kerkdiens; ‘n noodfonds ondersteun ander wat nie meer inkomste het nie; kos word versprei; die kategese kan virtueel voortgaan; e-groepe kom bymekaar; telefonies word kontak gehou; en die gemeente gaan aan.

Baie dankie aan almal wat hulle deel gedoen om 2020 tog te laat gebeur. Sommige se talente het na vore gekom; ander het hulle kennis en vernuf tot almal se voordeel gebruik, sodat ons saam steeds ons Here kon dien en verheerlik. Ons bid dat almal ‘n geseënde rustyd sal geniet.

Bo al, ‘n groot dank aan ons **Hemelse Vader** want “dag nà dag dra Hy ons”. (Ps 68:20)

Geseënde Christusfees!